VERJAARSDAE : 14 TOT 20 SEPTEMBER 2008

09/14	RITA	HERSELMAN	TRICHARDTWEG 14	03Ab (Blok 1)
09/15	FRANCIEN	ZEELIE	VAN RIEBEECKLN 278	03Ac (Blok 1)
09/16	SEAN	BOTHMA	DE LA REYWEG 16	22Aa (Blok 4)
09/16	COBUS	VENTER	DF MALANLN 211A	11Aa (Blok 2)
09/16	CHANTÉ	KRITZINGER	VAN RIEBEECKLN 172	10Aa (Blok 2)
09/17	WENA	GREYLING	HANS STRIJDOMLN 292A	03Aa (Blok 1)
09/18	CATHARINA	WICKENS	KRUGERLN 51	20Aa (Blok 3)
09/20	ELIZE	BADENHORST	VAN RIEBEECKLN 281	03Ac (Blok 1)

SPESIALE GELUKWENSING

Hartlik geluk aan Catharina Wickens, Krugerlaan 51 (664-2668) met haar 85ste verjaarsdag Donderdag, 18 September. Mag u die seën van die Here ryklik ervaar in die nuwe lewensjaar.

RUSOORD FONDSINSAMELING

Môremark

1 November 2008
vanaf 08:00—12:00

Ons vra nou reeds dat u alle items wat in u pad lê, asseblief na Rusoord bring.

Ons benodig nog baie items vir ons witolifant-tafel.

Baie dankie vir u ondersteuning
J Pretorius

"Ek as Gelowige en Gesondheid"

Dr Liandi Fourie
(Algemene Praktisyn)
se praktyk bied aan:

Tema 1

Huisves 'n Gesonde Liggaam 'n Gesonde Gees?

OF

Kweek 'n Gesonde Gees 'n Gesonde Liggaam?

Tyd: 20h00-21h00
Datums: 4,11,18,25 Sept
Tel: 012-6530564
Toegang: Gratis
Plek: Chris Hougaardstr 324, Wierdapark

PLEK IS BEPERK – BESPREEK VROEGTYDIG

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 14 September 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 14 SEPTEMBER
09:00 Erediens: Ronel Erasmus en haar span
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens: Jacques Erasmus
18:45 Kategese / Kuier
19:30 Speel / Kuier

DINSDAG, 16 SEPTEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 17 SEPTEMBER
17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 18 SEPTEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SATERDAG, 20 SEPTEMBER
BASAAR

SONDAG, 21 SEPTEMBER
Deurkollekte Motorwag
09:00 Jacques Erasmus
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens: Jacques Erasmus
18:45 Kategese / Kuier
19:30 Speel / Kuier

DINSDAG, 22 SEPTEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 24 SEPTEMBER
ERFENISDAG

DONDERDAG, 25 SEPTEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 26 SEPTEMBER
Skole sluit

SONDAG, 28 SEPTEMBER
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens

WOENSDAG, 1 OKTOBER
17:00 Biduur
19:00 KAF-vergadering

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. André en Chrismie Scholtz en hulle gesin, DF Malanln 255 met André wat hierdie week 'n operasie ondergaan het. (Blok 1)
2. Attie en Minari Nel met hulle seun Cobus , Hans Strijdomln 92 wat hierdie week in die hospitaal was. (Blok 3)
3. Jaap en Gerda van Wyk, Krugerln 140 met Jaap wat 'n operasie ondergaan het (Blok 3)
4. Juanéll-Mari du Preez, Moltenoweg 40 wat 'n operasie ondergaan het (Blok 2).
5. Johan en Hester Gerber, DF Malanln 133 met Hester wat 'n operasie ondergaan het (Blok 3).
6. Heinz en Vasthi Meissner, Van Riebeeckln 189 met Heinz tuis aansterk (Blok 2).
7. Jan en Nicolize Opperman, Erika WS 3 met Nicolize wat tuis aansterk (Blok 1).
8. Frieda Collins, Stormstr 259a wat 'n operasie ondergaan het. (Blok 4).
9. Dries en Rina van der Merwe, Van Riebeeckln 149 met Rina wat tuis aansterk na 'n operasie. (Blok 3).
10. Ds en Mev Kobus Keyter, Pretoriusln 269 met ds Kobus wat 'n omleidingsoperasie ondergaan het en tuis aansterk. Groot dankbaarheid dat die uitslae van Jonita se toetse gunstig is.
10. Adolf Crafford, Hans Strijdomlaan 182 van wie beide niere verwyder is en wag op 'n nieroorplanting (Blok 2).

WOORDWYSER

2009



'n Mens se brein is 'n snaakse ding: ons verstaan dikwels iets eers regtig as ons die groter prentjie sien. As ons wil weet presies wáár 'n legkaartstukkie inpas moet ons na die afbeelding op die voorkant kyk.

'n Bybelvers is baie soos 'n legkaartstukkie. Ons sukkel soms om 'n stukkie uit die Bybel te verstaan as ons nie weet waar dit in die groot legkaart van die geskiedenis inpas nie.

Om die Bybelleser te help om die groot prentjie van die Bybel se ontstaanstyd raak te sien bied die Woordwyser Bybel in Konteks die volgende:

'n Dag-tot-dag Bybelleesprogram vir ernstige Bybellesers. Dit bevat:

- Deeglike inleidings en agtergrondsketse.
- Verklarings van korter gedeeltes (in dagstukkie-formaat).
- Riglyne vir kleingroepriglyne gebaseer op die luistersiklus van die Seisoen van Luister.
- Agtergrond oor die verskillende seisoene van die kerklike jaar.

Eksegetiese en liturgiese riglyne vir gemeenteleiers. Dit bevat:

- Verdere agtergrondinligting en preeksketse vir elke Sondag van die jaar.
- Voorstelle vir die inrigting van eredienste wat aansluit by die preeksketse.
- Voorstelle vir die aanbied van kinderboodskappe gebaseer op die preeksketse.
- Visuele materiaal vir gebruik in die erediens op die meegaande CD. (Opsioneel)
- Nuutgeskepte liedere vir loprysing en aanbidding.

Die Bybel is 'n bundel antieke dokumente wat vir die moderne mense soms moeilik is om te verstaan. Die Woordwyser II Bybel in Konteks wil die gelowige Bybelleser help om God se stem helder en duidelik te hoor deur die konteks van die Bybelgeskrifte te ontsluit.

Bybelleesprogram: R90
Eksegetiese Riglyne: R110 (CD: R45)
Bestellings: Freddie Schoeman (0126643751 / 084-581-8139 of stuur 'n e-pos aan: fredschoeman@mweb.co.za of besoek: www.sinoos.co.za

CMR – VERSOEK OM VOEDSELPAKKIE

Septembermaand is dit Lyttelton-Oos se beurt om 'n voedselpakkie aan die CMR te veskaf.

Lys van onbederfbare voedsel waaruit die kospakkie kan bestaan:

Toiletware:

10 Koekies gesigwasseep
5 Sjampoe
5 Tandepasta
5 1 kg pakkie waspoeier
5 Koekies sunlightseep
5 Bottels skottelgoedwasseep

Kruideniersware:

5 750 ml bottels kookolie
5 100 gram pakkies melkpoeier
5 2,5 kg pakkie mieliemeel
5 Pakke Weet-bix of hawermout
5 1 kg pakke koek- of broodmeel
5 Pakke rys of stampmielies
5 Pakke kapokartappels of spaghetti of makaronie
10 Pakkies/blikkies sop
5 Blikke koffie of tee/rooibostee
5 2,5 kg pakke suiker

10 Blikkies sardyne
5 Blikkies tuna/sardiens/kerrievis
5 Blikkies weenseworsies
5 Blikkies frikkadelle

10 Blikkies gemengde groente/kerriegroente
5 Blikkies suikermielies
5 Blikkies uie en tamaties
5 Blikkies sousboontjies/ertjies/groenboontjies
6 Blikkies spaghetti

U kan reeds nou al u bydrae maak deur dit by die kerkkantoor af te gee. Merk dit asseblief "CMR KOSPAKKIE".

ONS IS GROENTE EN VRUGTE IN JESUS SE TUIN

Moenie KOMKOMMER nie,
sing 'n LICHIE vir die Heer.
Jy is Sy UIEkind,
Sy oogAPPEL!
Laat jou KERSIE vir Hom brand,
want so by my KOOL,
ons Heer sal jou opRAAP en bewaar,
al is jou naam:
PIETER of SIELIE.
Hy sal nooit RISSIE.
In Sy arms het Hy jou BEET,
met Sy liefde beARBEI Hy jou.
Al is jy soms 'n harde KOEJAWEL,
sal Hy jou nie uit Sy hart SKORSIE.
Daar is jy vir altyd ingeWORTEL!

'n Vrugtige dag vir jou.

EE III Toerusting

Leer hoe om jou geloof met vrymoedigheid en in liefde met ander te deel

Tye:
Vrydagaand 10 Oktober, Saterdag 11 Oktober, Sondag 12 Oktober, Maandagaand 13 Oktober, Dinsdagaand 14 Oktober en Woensdagaand 15 Oktober

Plek:
Gemeentesentrum, NG Gemeente Lyttelton-Oos

Koste:
R250 per persoon (kursusmateriaal, etes en verversings word voorsien)

Om in te skryf kontak: Freddie Schoeman (012-664-3751 of 084-581-8139) of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

FEESBUNDEL

Die feesbundel is beskikbaar by die kerkkantoor op Maandae en Woensdae tussen 08:30 en 17:30. Op ander dae is dit beskikbaar by Max Amsenga, Krugerlaan 286 (664-3629). Die prys is R100.00 per eksemplaar.

FONDSINSAMELINGSPROJEK

Die **bestelvorms vir gedroogde vrugte deur Neltropica Fruit** is in die glasrakkies by die sy-ingange se dubbeldeure. U kan u bestelvorm in die kollektebordjie plaas of in die konsistorie langs die telefoon in die draadmandjie plaas. Alternatief kan u dit by Max inhandig (Krugerlaan 286, telefoon 664-3629). Die bestellings kan ook deurgegee word by telefoon 012 323 9200/faks 012 323 9201 of e-pos info@neltropica.co.za. Die vereiste is dat u sal meld dat u van NG Gemeente Lyttelton-Oos is.

Baie dankie vir u hulp en bystand met hierdie projek.

PRAATJIE OOR GESINSGEWELD

Deur Milde Weiss

TAK VOORBRAND van die Vroue Landbou-Unie bied op Donderdag 18 September 2008 om 09:00 'n praatjie aan oor hierdie baie aktuele saak.

PLEK: Gemeentesentrum
NG Gemeente Lyttelton-Oos
h/v Molteno- en Van Riebeecklaan
Lyttelton

TYD: 09:00

TOEGANG: 'n Donasie van R20.00

Dames wat nie lede is nie, sowel as mans is baie welkom.

Skakel: 012 664-4569 of 083 593 9027

NG Gemeente Lyttelton-Oos

Boodskapreeks:

'n Gemeente wat leef en werk

(Die betekenis van die Efesiërbrief vir vandag se gelowiges)

12 – 18 Oktober ..... God se geheime plan Ef 1)
19 – 25 Oktober ..... God se woonplek (Ef 2)
26 Oktober – 1 November ..... Gewortel in God se liefde (Ef 3)
2 – 8 November ..... Geestelike volwassenheid (Ef 4)
9 – 15 November ..... Getroudes en gesinne (Ef 5)
16 – 22 November ..... Gereed vir die stryd! (Ef 6)

Die volgende sal beskikbaar wees:

Boodskapopsommings in die Familienuus
Dagstukkies vir ses weke gebaseer op die boodskappe
Riglyne vir kleingroepbyeenkomste / Bybelstudiegroepe
Riglyne vir huisgodsdiens
Die Efesiërbrief in die Nuwe Lewende Vertaling met plek vir aantekeninge

Indien jy deel wil wees van 'n Bybestudie- of kleingroep,
of as jou groep graag die materiaal wil gebruik,
skakel Freddie Schoeman by 012-664-3751 of 084-581-9139
(of stuur 'n e-pos aan fredschoeman@mweb.co.za)

NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS : BASAAR 2008

KOÖRDINEERDER : KOBUS BADENHORST (012-664 5338/084 235 1084)

LYS VAN SAMEROEPERS

Stalletjie/Aktiwiteit	Sameroeper	Tel Huis	Sell	Tel Werk
Bediening & Bykosse	Antoinette v Rensburg	012 664 2481	083 533 0812	665 4905/7/8(W)
Pannekoek	Ria Maree	012 664-3364		
Kerrie en rys	Hennie Haupt	012 664-3254		
Worsbroodjies	André en Melanie de Villiers	072 340 1670		
Sosaties	Johan Bauer		082 4686562	
Teetuin	Marita de Jager	012 664-4720	082 491 0852	
Poeding	Heinz en Vasthi Meissner	012 664-3759	082 806 8530	
Koek, koekies & beskuit	Alet Venter	012 664 3282		
Koeldrank	Elize De Beer	664 3448	082 710 8041	
	Braam Fourie	012 664-3390	082 880 8528	
Witolifant	Faan Buys	012 664 4756	083 304 0424	
Plante/boeke en CD's	Hermann Meier	012 664-4790		
Terreinbeplanning	Vakant			

Hey Guys!

13thFLOOR is presenting a Gap Year from next year January that starts with a four month training period and then they embark on a tour through Southern Africa for the remainder of the year. We make use of dance, drama and live music in our evening programs to bring the Gospel of hope to young people. You also learn a lot about yourself and discover new passions and awaken lost dreams.

13thFLOOR is having auditions in the following areas:

- **Cape Town - 5, 6 & 7 September 2008**
- **Bloemfontein - 9 September 2008**
- **Pretoria - 14 – 24 September 2008**

The auditions are for our 2009 teams here in South Africa. We are looking for young men and women between 18 – 25 years, who would like to get involved with our ministry for at least one year. All young people with a passion for and talented in dance, drama, music and have some technical ability (lights, sound, etc) should call our office urgently to book an audition. Call Karen on **012 802 0955.**

Time is of the essence, so don't delay and call our offices today to make your appointment! Also visit our website www.13floor.net for more info.

Thank You

Warren le Grange
National Director SA

KAN U MOONTLIK HELP??

Hierdie jongmense vertrek eersdaags na die buiteland vir optredes daar.

Indien u behulpsaam kan wees deur hulle te borg, sal dit baie waardeer word. Die tydperk van hulle oorsese optrede is om die draai, nl 30 September tot 15 Oktober 2008.

Tree asseblief in verbinding met Jaco van As (097 197 6267) om 'n belofte te bevestig.

Baie dankie vir u ondersteuning.